Reëls van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging, uitgevaardig kragtens die Grondwet

Die volgende reëls neergelê ingevolge paragraaf 5.5.12 van die grondwet en soos van tyd tot tyd deur die algemene jaarvergadering goedgekeur, sal geld as reëls vir alle lede en strukture van die vereniging.

1. Ad Paragraaf 2 - Bewys van ouderdom

1.1. Telkens wanneer die ouderdom van ‘n lid in geskil is, sal die lid sy ouderdom moet bewys deur die voorlegging van sy geldige identiteitsdokument of geboortesertifikaat of ander aanvaarbare dokument ter bewys van ouderdom.

2. Ad paragraaf 4.4

Junior Lede

2.1. Junior lede is persone onder die ouderdom van 18 jaar wat behoorlik tot die SASV toegetree het. Die junior lid kan op sy eie lid van die SASV wees, of in vennootskap met ‘n ander junior of senior lid - in so ‘n geval moet sy eie duiwe by wyse van ras, kleur en/of ringreeks by die onderskeie streeksekretarisse, geidentifiseer wees en gereeld opgedateer word.

2.2. Die junior lid mag enige skou bywoon en sal soos in die geval van senior lede, sy duiwe in die korrekte klasse vertoon.

2.3. ‘n Junior is geregtig om in die junior sowel as senior klasse te vertoon. Slegs die duiwe wat in die junior klasse vertoon word, sal in aanmerking kom vir die junior toekennings.

2.4 Waar ‘n venootskap uit ‘n junior- en senior lid bestaan, mag die vennootskap slegs in die senior klasse vertoon.

2.5 Met die kampioenskapskou moet alle junior raswenners ‘n medalje en sertifikaat ontvang, dieselfde as vir senior raswenners volgens die oordeel van die beoordelaar.

2.6 Rasse in die junior seksie moet deur die verskillende rasbeoordelaars gedoen word. Aandag en tyd moet aan die junior duiwe bestee word.

2.7 Die kampioen junior duif moet in aanmerking kom vir die hooftoekennings tydens hoofbeoordeling.

2.8 Junior lede wat met dieselfde duifrasse as hul ouers of familie teel / skou moet in die senior afdeling skou.

2.9 ‘n Junior moet ten minste ses (6) jaar of ouer wees voordat hy/sy duiwe kan skou in die junior afdeling. Kinders onder ses (6) jaar kan in vennootskap skou.

2.10 Die junior duiwe moet bymekaar staan op ‘n skou en nie by die senior duiwe geplaas word nie.

2.11. Tydens elke skou sal daar twee toekennings vir die juniors gemaak word, naamlik kampioen junior duif op skou en reserwe kampioen junior duif op skou.

2.12. Die eienaars van die twee toekennings is geregtig op ‘n toekenning, soortgelyk as in die geval van senior lede en daar mag onder geen omstandighede teen juniors gediskrimineer word nie.

2.13. **Aanwys van Top Junior Presteerder**

2.13.1 ‘n Toekenning van top junior presteerder sal jaarliks tydens die kampioenskapskou gemaak word uit nominasies vanaf streekbesture ontvang. Die uitvoerende komitee sal ‘n sub-komitee saamstel om die aansoeke te oorweeg en om die toekenning te maak. Die subkomitee sal bestaan uit minstens een dagbestuurslid van die uitvoerende komitee en twee streekverteenwoordigers wat nie aan dieselfde streke as die applikante verbonde is nie.

2.13.2. Alle aansoeke moet by die nasionale sekretaris op die dag van inhok, ingehandig word. Die volgende

aspekte moet in die motivering opgeneem word:

2.13.2.1. Hoe lank besit die junior reeds duiwe, met in agneming van sy ouderdom.

2.13.2.2. Getal skoue bygewoon en skouprestasie behaal, teenoor sy mede deelnemers en nie noodwendig net in die junior mededinging nie.

2.13.3. Die nominasie wat voorgelê word, moet ten minste aan een van die volgende aspekte voldoen:

2.13.3.1. Moes meer as 'n totaal van 20 duiwe op drie skoue vertoon het.

2.13.3.2. Moes op minstens een skou, waar ander juniors ook vertoon het, die junior kampioen duif vertoon het.

2.13.3.3. Bewyslewering dat die junior aktief hulp verleen tydens die duur van skoue waar hy/sy duiwe vertoon, byvoorbeeld om op te tree as helper vir beoordelaars.

2.13.3.4. Moet bewys lewer dat hy/sy in staat is om 'n artikel van nie minder nie as 200 woorde te kan skryf oor enige van die volgende onderwerpe: duiwesiektes, hokbestuur, skouvoorbereiding van duiwe en waarom hy/sy op 'n bepaalde ras besluit het, waarin die belangrikste eienskappe van die ras beklemtoon word.

2.13.3.5. Die applikant moet duiwe op die betrokke kampioenskapskou vertoon en self teenwoordig wees.

2.13.3.6. Die applikant moes die sierduifstokperdjie op minstens twee van die volgende maniere bevorder het:

2.13.3.6.1. Deur minstens een duiwevertoning by sy skool aan te bied.

2.13.3.6.2. Deur ander junior lede oor te haal om as lid by die SASV aan te sluit.

2.13.3.6.3. Deur hulp te verleen met die opslaan en afbreek van skoulogistiek in sy streek;

2.13.3.6.4. Deur 'n foto-album aan die komitee voor te lê van sy duiwe en hokke, tesame met die tersaaklike opmerkings/ byskrifte.

2.13.3.6.5. In staat wees om 'n vloerplan te kan teken van 'n tipiese duiwehok waarop die volgende aangetoon word: broeilokale, water- en kosbakke en sitplekke.

2.13.4 Vir die "Junior van die Jaar" – toekenning moet die kandidate aan 'n soort praktiese toets onderwerp word om hul kennis van duiwe en die versorging van duiwe te toets.

2.13.5. Afhangende van die ouderdom van die junior, kan sy/haar ouers hom/haar help met die opstel van hul motivering.

2.13.6. Die toekenning sal op die prysuitdelingsfunksie van die kampioenskapskou, oorhandig word. Indien die junior nie teenwoordig is nie, behalwe weens siekte of 'n ander aanvaarbare rede, sal hy die toekenning verbeur en sal dit aan die tweede beste junior presteerder toegeken word.

3. Ad paragraaf 10.4

PROSEDURES EN VOORSKRIFTE:

Beoordelaarsforum (BF)

Die beoordelaarsforum funksioneer onder gedelegeerde bevoegdheid van die uitvoerende Komitee en het die volgende ten doel:

3.1. Om alle sake rakende beoordelaars, beoordeling, duifrasse en standaarde te ondersoek en te behartig, om beleidsvoorskrifte uit te werk en om aanbevelings aan die uitvoerende komitee vir oorweging voor te lê, alvorens dit

deur die algemene jaarvergadering bekragtig word.

3.2. Weens die feit dat aspekte van beoordeling meestal aktueel is en spoedeisende beslissings en oplossings verg, beskik die dagbestuur van die BF oor uitvoerende en beslissingsmagte, uitgesluit sake wat oor die volgende handel:

3.2.1. Sake waar finansiële implikasies tersprake is;

3.2.2. Gevalle waar tugmaatreëls ter sake is;

3.2.3. Sake wat deur die Grondwet, uitvoerende komitee of algemene jaarvergadering spesfiek uitgesluit is.

3.3. Alle prosedures, taakomskrywings en tersaaklike vorms moet deur die beoordelaarsforum ordelik bygehou word in ‘n lêer bekend as die “BF: Reëls en Prosedures” en moet op aanbeveling van die uitvoerende komitee deur die algemene jaarvergadering goedgekeur word. Prosedures, taakomskrywings en tersaaklike vorms wat van tyd tot tyd deur die beoordelaarsforum saamgestel en goedgekeur is, moet as ‘n integrale deel van hierdie regulasies beskou word. Die nakoming daarvan is derhalwe net so afdwingbaar.

4. Ad Paragraaf 6.1.

Verkiesing van ampsdraers

4.1 Die uitvoerende komiteelede in paragraaf 5.2 van die grondwet vermeld, word vir ‘n tydperk van 3 jaar in hulle onderskeie poste verkies, waarna hulle herkiesbaar is

4.2 Die termyn van die uitvoerende bestuurslede waarvan die poste gedurende ‘n betrokke jaar vakant raak, loop ten einde by die algemene jaarvergadering.

4.3 Geen persoon mag tegelykertyd twee verskillende uitvoerende bestuursposte beklee nie, met dien verstande dat ‘n uitvoerende bestuurslid ook as ‘n streekverteenwoordiger van sy betrokke streek mag dien.

4.4.Indien ‘n uitvoerende komiteelid hom vir ‘n ander pos as die een wat huidiglik beklee word, wil verkiesbaar stel, moet hy sodra hy hom aldus verkiesbaar stel, uit sy huidige pos bedank, welke bedanking tydens die volgende algemene jaarvergadering van krag sal word.

4.5 Alleenlik opbetaalde lede van die vereniging is as ampsdraers verkiesbaar tov enige pos in die vereniging, streke of spesialiteitsklubs.

4.6. Elke streek wat ‘n persoon of persone, een per amp, op die uitvoerende komitee wil benoem, moet hierdie persoon by wyse van meerderheidstem, op sy algemene jaarvergadering aanwys.

4.7. Die streek moet die skriftelike toestemming van die persoon wat hy vir ‘n bepaalde bestuurspos wil benoem, verkry. Hierdie toestemming moet tesame met die streek se notule van sy algemene jaarvergadering aan die nasionale sekretaris versend word.

4.8. Nominasies vir uitvoerende komitee ampte moet die nasionale sekretaris nie later as 31 Desember van die jaar voorafgaande aan die algemene jaarvergadering bereik , uitgesluit vir die pos van nasionale beoordelaarsbeampte. Die lede van die beoordelaarsforum kies drie-jaarliks die forum se voorsitter; hierdie voorsitter beklee die pos van nasionale beoordelaarsbeampte op die uitvoerende komitee.

4.9. Van alle genomineerdes vir die onderskeie ampte, behalwe vir persone wat as nasionale ringmeester en nasionale redakteur benoem is, moet die sekretaris ‘n lys saamstel wat aan alle lede gesirkuleer word; ‘n profiel van elke genomineerde moet saamgestel word vir publikasie in die amptelike mondstuk van die SASV. Hierdie profiele moet die redakteur voor 31 Maart in die verkiesingsjaar bereik.

4.10 Elke lid is geregtig om per gepersonaliseerde stembrief te stem waarop die lid se naam, adres en lidmaatskapnommer aangebring is. Nadat die lid die stembrief voltooi het, moet hy dit teken en sy identiteitsnommer daarop invul en terugpos na die aangewese beampte. Geen stemming sal op die A.J.V. of deur middel van proxy toegelaat word nie.

4.11. Elke bona fide lid sal die presensielys teken by aanvang van die algemene jaarvergadering, en die sekretaris sal die geldigheid van sy lidmaatskap bevestig, alvorens die lid enige stem mag uitbring.

4.12. ‘n Komitee van stemopnemers sal, nadat die algemene jaarvergadering ‘n aanvang geneem het, die stemme tel en die uitslag onmiddellik aan die voorsitter van die vergadering, per geslote verslag, bekend maak. Indien twee of meer gemonineerdes tot dieselfde amp, dieselfde aantal stemme verkry, sal die lede op die vergadering teenwoordig, geregtig wees om ‘n tweede keer te stem. Indien daar by hierdie stemming weer eens ‘n staking van stemme is, sal die ampsdraer vir die betrokke amp, deur die lot bepaal word.

5. Ad Paragraaf 7.

Streek- en Nasionale en Ere-toekennings

5.1. Streekkleure

5.1.1. Die toekenning word in drie kategorieë verdeel:

5.1.1.1. **Administratief**

Na drie jaar in enige amp wat van toepassing is vir die betrokke streekbestuur, uitgesluit “Addisionele lid”.

5.1.1.2. **Beoordeling:**

Sodra ‘n persoon op twaalf (12) streekskoue beoordeel het.

5.1.1.3 **Teler:**

Sodra ‘n persoon enige van die hooftoekennings, soos bepaal deur die AJV, driekeer op enige streekskou verower het, of in die geval van ‘n junior enige van die twee hooftoekennings driekeer op ‘n streekskou verower het.

5.1.2 Streekbesture moet hul vergewis dat sodanige toekenning gedoen word op grond van werk verrig in die geval van administratief en nie op grond van die feit dat die persoon slegs in naam die spesifieke pos beklee het nie.

5.1.3. Persone wat toekennings ontvang, moet ‘n ononderbroke tydperk van vyf jaar lid van die vereniging wees. Hy kan reeds vanaf sy eerste lidjaar vir ‘n toekenning begin werk en meriete verdien.

5.2. Nasionale kleure

5.2.1. Die toekenning word in drie kategorieë verdeel.

5.2.1.1. **Administratief**
Aansoeker moet 12 jaar lid van ‘n streekkomitee wees, uitgesluit addisionele lid, en behoorlik deur die streek gemotiveer, of 6 jaar lank in ‘n pos op die uitvoerende komitee dien. (Dit beteken ook ‘n kombinasie van vlakke, d.w.s. 6 jaar + 3 jaar of 8 jaar + 2 jaar.) Verhouding 1 (streeksvlak) tot 2 (nasionale vlak)

5.2.1.2. **Beoordeling**

24 Streekskoue selfstandig in een of meer rasse beoordeel; of 6 kampioenskapskoue beoordeel. (Dit beteken ook ‘n kombinasie van vlakke: 12 streekskoue + 3 kampioenskapskoue (Verhouding 1 tot 4)

5.2.1.3. **Teler**
Aansoeker moet 12 keer met ‘n eie geteelde duif een van die hooftoekennings verower het op streekskoue of 6 keer met ‘n eie geteelde duif een van die hooftoekennings verower het op ‘n kampioenskapskou. (Verhouding 1 tot 2). In die geval van ‘n junior lid sal dieselfde kriteria geld, maar dit is van toepassing op kampioen junior en reserwe kampioen junior duif op streek en kampioenskapskoue.

5.2.2. Bewyslewering rus by die aansoeker, gerugsteun deur sy streek of die uitvoerende komitee, na gelang van die omstandighede. So ‘n toekenning moet aan die Uitvoerende Komitee vir beslissing voorgelê word. Vir nasionale kleure in enige kategorie moet die aansoeker minstens tien jaar onafgebroke lid van die vereniging wees, uitgesonder ‘n junior lid waar die aansoeker minstens 5 jaar onafgebroke lid van die vereniging moet wees.

5.2.3. Groen baadjies mag slegs gedra word nadat die eerste nasionale balkie verwerf is; onder geen omstandighede voor so ‘n toekenning nie. Groen baadjies mag slegs met die goedgekeurde sakwapen en SASV groen das gedra word.

5.2.4. In die geval van vennootskappe kan elke vennoot (maksimum van twee geregistreerde persone), afsonderlik vir kleure kwalifiseer mits elkeen se duiwe (of kleure) afsonderlik geregistreer was sedert die begin van die kwalifisering. Waar dit nie die geval was nie, sal die kwalifikasie-vereistes vir elke balkie verdubbel waarna beide vennote op toekennings geregtig sal wees.

5.3. **Meriete van dienslewering**

5.3.1. Hierdie toekenning staan bekend as "Hall of Fame" (Praalsaal) en is die hoogste eerbewys wat 'n organisasie soos die SASV aan enkelinge kan toeken wat werklik deur die jare boverdienstelike werk verrig het.

5.3.2. Die toekenning bestaan uit vier dele, naamlik:

As eiendom van die lid:

5.3.2.1. 'n Lapelknoop met die wapen van die SASV, die woorde MEMBER: "HALL OF FAME" en plek vir die naam van lid daarop.

5.3.2.2. 'n Miniatuur Skild met die wapen van die SASV, asook die woorde MEMBER: "HALL OF FAME", die jaar waarin ontvang en plek vir gravering van die persoon se naam.

As eiendom van die SASV:

5.3.2.3.
'n Register van MEMBERS "FANCY PIGEON HALL OF FAME" sal deur beide die nasionale sekretaris en webmeester van die SASV op datum gehou word

5.4. Kriteria waaraan voldoen moet word:

5.4.1. Die lid moet minstens 20 jaar ononderbroke lid van die SASV wees.

5.4.2. Die aansoekvorm **(Aanhangsel A)** moet ten volle voltooi word en alle stawende inligting moet breedvoerig verskaf word.

5.5. **Inwerkingtreding van die stelsel**

Die stelsel tree inwerking met die kampioenskapskou van 1996.

5.6. Die prosedure wat gevolg moet word

5.6.1. Omdat hierdie toekenning die hoogste eerbewys is wat 'n organisasie soos ons kan gee, het die uitvoerende komitee 'n kundige, staande komitee met uitvoerende magte daargestel om alle aansoeke te oorweeg en beslissings daaroor te neem.

5.6.2. Geen persoon mag homself nomineer nie. Geen aansoek om toekenning sonder 'n behoorlike en volledige verslag met die nodige motivering, wat deur enige streekkomitee opgestel en deeglik oorweeg is, mag na die staande komitee van die uitvoerende komitee vir oorweging verwys word nie.

5.6.3. Benewens 'n skriftelike verslag moet die streekkomitee die voorgeskrewe vorm **(aanhangsel A)** voltooi en 'n puntetoekenning maak op grond van sy vertolking van sy verslag.

5.6.4. Beide dokumente moet die nasionale sekretaris nie later nie as 31 Maart bereik.

5.7. Langdienstoekennings

Die Ringmeester moet elke jaar by die Januarie U.K.-vergadering die name van lede voor die U.K. lê wat daardie jaar kwalifiseer vir langdienstoekennings. Die termyn vir langdienstoekennings word bepaal deur die Uitvoerende Komitee.

5.8. Trofees

5.8.1. Alle trofees wat onder die beheer van die SASV sorteer, is die eiendom van die SASV

5.8.2. Persone of streke wat een of meer trofees van die SASV tydens 'n S.A. Kampioenskapskou verower, is verantwoordelik vir daardie trofee of trofees in die geheel en enige skade of verliese wat aan sodanige trofee mag voorkom, sal die verantwoordelikheid van sodanige persone of streke wees.

5.8.3. Trofees moet deur die wenners daarvan op eie koste gegrafeer word.

5.8.4. Trofees moet deur die wenners daarvan, veilig terugbesorg word aan die nasionale sekretaris vir hertoekenning tydens die volgende kampioenskapskou.

5.8.5. Die nasionale sekretaris sal verantwoordelik wees vir die beheer van alle trofees d.m.v. die byhou van 'n register wat deur die betrokke lid wat die trofee verower onderteken moet word.

6. Ad paragraaf 10.1.4

Verslae vanaf streke

6.1. Alle streeksekretarisse is verplig om voor 31 Desember van elke jaar, 'n afskrif van die notule en presensielys van die streek se algemene jaarvergadering en 'n lys van bates van die streek aan die nasionale sekretaris te versend.

6.2. Alle streektesouriere is verplig om binne 60 dae na 31 Desember van elke jaar 'n afskrif van die geouditeerde finansiele state aan die tesourier van die SASV te versend.

6.3. Alle dokumentasie gelys onder 6.1. en 6.2. moet deur die president en sekretaris of tesourier van die streek, afhangende van die geval, onderteken wees.

6.4. Wysigings tov streekverteenwoordigers moet die redakteur van Die Sierduif so spoedig moontlik bereik; steekbesture behoort volledig in Die Sierduif geplaas te word vir kennisname deur alle lede.

7. Ad paragraaf 10.2

Beheer oor spesialiteitsklubs

7.1 'n Spesialiteitsklub moet sy algemene jaarvergadering tydens die jaarlikse kampioenskapskou hou waartydens die volgende sake bespreek moet word:

7.1.1. Die geouditeerde finansiële state van die spesklub.

7.1.2. Die verkiesing van die nuwe bestuur.

7.2. Nadat die spesialiteitsklub sy finansiële state aanvaar het, moet afskrifte van alle tersaaklike dokumente, tesame met die name en adresse van die bestuurslede aan die nasionale tesourier oorhandig word vir kontrole doeleindes. Die nasionale tesourier sal die finansiële-en bankstate nagaan en enige afwykings met die klub uitklaar. Die bestuursrol van die klub sal aan die nasionale sekretaris oorhandig word.

7.3. Indien die spesialiteitsklub nie in staat is om die finansiele state of die banksaldo voor te lê nie, of waar nalate deur die rekeningkundige beampte geskied of wanbesteding deur hom vermoed word, sal die volgende reëls geld:

7.3.1 Die bestuur van die betrokke spesialiteitsklub moet onmiddellik die nasionale tesourier, die nasionale sekretaris en die sekretaris van die beoordelaarsforum van voormelde toedrag van sake in kennis stel en moet ook die naam en adres van die persoon wat vir die nalate te wyte is, of wat van wanbesteding verdink word, (hierna "die skuldige" genoem) verskaf.

7.3.2 Indien skriftelik daartoe deur die nasionale tesourier versoek, moet die skuldige binne 14 dae die bankstate en die finansiele state aan die nasionale tesourier voorlê.

7.3.3 Versuim die skuldige om hieraan te voldoen sal die uitvoerende komitee van die SASV of 'n afvaardiging deur hom daartoe aangewys, geregtig wees om met 'n visenteringslasbrief, die woon- of werksperseel van die skuldige te betree, dit te deursoek om op alle relevante dokumente beslag te lê.

7.3.4 Elke ampsdraer van 'n spesialiteitsklub verbind hom onherroeplik tot die prosdure in paragraaf 7.3.3 uiteengesit.

7.4. Die uitvoerende komitee sal hierna die nodige tugstappe teen die skuldige instel en indien dit blyk dat die betrokke klub nie instaat is om sy sake te bestuur nie, kan daar ook deur die uitvoerende komitee teen die betrokke klub opgetree word.

7.5. Die uitvoerende komitee kan desnoods, onderworpe aan die goedkeuring van die algemene jaarvergadering, besluit om die betrokke spesialiteitsklub te ontbind.

7.6. Spesialiteitsklubs moet finansiele rekeninge byhou en geld moet in 'n bankrekening gehou word; indien geen bankrekening geopen kan word nie, sal die gelde deur die nasionale tesourier namens die klub bestuur word. Waar moontlik moet minstens twee persone oor tekenregte op die rekening beskik, maar waar sodanige bepaling onprakties blyk te wees, moet spesklubs die nodige maatreels in plek kry vir doeltreffende beheer tot bevrediging van die nasionale tesourier.

7.7. Geen spesialiteitsklub kan voorbestaan wanneer en indien slegs een persoon die volle bestuur verteenwoordig nie of waar die klub nalaat om sy bestuursrol in te dien. Sodanige klub se aktiwiteite sal opgeskort word en indien daar nie binne 30 dae op versoeke bevredigend gereageer word nie, kan die uitvoerende komitee tugstappe teen die spesialiteitsklub instel en desnoods die spesialitietsklub ontbind.

7.8. Wanneer 'n spesialiteitsklub ontbind is sal sodanige klub nie weer gestig kan word sonder om uitvoering te gee aan die reëls en prosedures soos vervat in die handleiding van die beoordelaarsforum nie. Alle handelinge ingevolge die voorafgaande bepalings sal dus vir kennisname na die sekretaris van die beoordelaarsforum deurgevoer word.

7.9. Vir behoorlike beheer en kontrole, asook ordelike administrasie, is dit wenslik dat die nodige rekordhouding van elke klub op afsonderlike argiefstukke deur die tersaaklike poste bygehou word.

7.10. Daar sal met die bates van spesialiteitsklubs, wat ingevolge hierdie bepalings ontbind is, ooreenkomstig artikel 10.2.6 van die grondwet gehandel word.

8. Ad Paragraaf 10.3

Werwing van advertensies

8.1. Alle lede van die SASV mag advertensies werf met die oog daarop om die drukkoste van Die Sierduif te help delg.

8.2. Lede behoort 'n skriftelike identifikasie en magtigingsbrief vanaf die nasionale redakteur te ontvang wat getoon kan word wanneer advertensies gewerf word.

8.3. Enige lid kan meer as die vasgestelde bedrag van 'n advertensie probeer werf, mits dit nie die werwing daarvan benadeel nie. Die addisionele bedrag kan deur die lid vir sy streek vanaf die SASV teruggeeis word. So 'n aansoek moet deur die sekretaris/tesourier van die streek/spesialiteitsklub aan die nasionale redakteur gerig word, wat dit as korrek sal sertifiseer waarna dit aan die nasionale tesourier versend sal word.

8.4. Enige terugbetaling wat gedoen word, sal nie vir die Bertie Wessels Trofee in aanmerking geneem word nie.

8.5. Alle advertensies is streng vooruit betaalbaar, behalwe waar vooraf ooreengekom met vaste adverteerders.

8.6. Vir elke R1000 aan advertensiegeld, is die werwer daarvan geregtig om een gratis lid tov die SASV vir die komende finansiële jaar te benoem; in hierdie geval sal geen addisionele advertensiegelde vir die betrokke streek teruggeeis kan word nie.

9. Ad paragraaf 11

Hou van Duiweskoue

9.1. Die nasionale sekretaris is verantwoordelik om toe te sien dat skoue wat deur streke aangebied word, sodanig plaasvind dat naburige streke mekaar nie oorvleuel op dieselfde dae nie.

9.2. **Die volgende riglyne sal geld:**

9.2.1. Die kampioenskapskou geniet voorrang bo alle skoue.

9.2.2. Streekskoue geniet voorrang bo enige jongduif-, landbou- of spesialiteitsklubskoue en mag onder geen omstandighede met enige streekskou saamval waar dit ‘n streekskou negatief kan beinvloed nie.

9.2.3. Die nasionale sekretaris is by magte, om, na oorlegpleging met die dagbestuur van die uitvoerende komitee, enige skou van ‘n ondergeskikte aard dan ‘n streekskou waarteen ingedruis word, nietig te verklaar; sodanige skou sal geen punte verdien of deur die vereniging erken word nie; hierdie reël geld nie waar streke wyd van mekaar geleë is nie en waar die een geen inbreuk op die ander maak nie;

9.3 Die streekbestuur of spesialiteitsklubbestuur wat skoue onder die vaandel van die S.A.S.V. aanbied, is verplig om alle prosedures soos uitgevaardig deur die beoordelaarsfurm (onder gedelegeerde mag) na te kom.

9.4 Besture wat in gebreke bly by die uitvoering van 9.2. of 9.3. mag, op aanbeveling van die uitvoerende komitee, deur die algemene jaarvergadering beboet word met ‘n bedrag geld soos wat van tyd tot tyd deur die algemene jaarvergadering op aanbeveling van die uitvoerende komitee besluit mag word.

9.5. **Reëls op streke en lede van toepassing tydens die aanbied van streek en nasionale skoue**

9.5.1. Die inskrywingsvorm soos in Die Sierduif versend of aan u gepos, kan gebruik word.

9.5.2. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.

9.5.3. Alle besonderhede moet volledig op alle inskrywingsvorms verstrek word.

9.5.4. Birmingham Rollers en SA Afstand Rollers is die enigste duiwe wat toegelaat word om met ‘n Rollerklub of SASV ring te skou asook ‘n persoonlike ring aan die ander been, maar die persoonlike ring moet toegeplak wees.

9.5.5. Slegs duiwe met SASV ringe of ringe van erkende binne- en buitelandse klubs mag as jongduiwe geskou word

9.5.6. Duiwe wat na ‘n skou gebring word vir verkoop, moet vry wees van alle parasiete en die eienaar moet vooraf met die skoubestuur reël vir ordentlike afsonderlike geriewe

9.5.7. Alle skouhokke moet van ‘n agtergrond voorsien word en die ente van rye moet behoorlik bedek wees

9.5.8. Skouhokke moet volgens die riglyne van die SASV beskikbaar wees vir alle rasse – (**aanhangsel B)**

9.5.9. Voldoende loophokke van die regte grootte en tipe moet beskikbaar wees vir beoordeling

9.5.10. Voldoende addisionele skouhokke van die regte grootte moet op alle skoue beskikbaar wees vir alle raswenners, Senior en Junior. Die hokke moet voor beoordeling aan alle beoordelaars en vertoners uitgewys word en moet sovêr moontlik nie deel van die normale skouhokke wees nie.

9.5.11. Slegs SASV beoordelaars mag beoordeel. Internasionale beoordelaars mag gebruik word indien die spesialiteitsklub/s so ‘n reëling goedkeur.

9.5.12. Slegs SASV Senior-beoordelaars/goedgekeurde internasionale beoordelaars mag gebruik word by die aanwys van die hooftoekennings met dien verstande dat die betrokke beoordelaar of sy gesinslede nie belange in die finaal het nie. Die hoofbeoordelaar word deur die UK/Streekbestuur self aangewys tydens die onderskeie streke se AJV’s.

9.5.13 Rasbeoordelaars beoordeel die senior en junior duiwe aan hom/haar toegeken, en die Senior Beoordelaar van die dag beoordeel die hooftoekennings.

9.5.14. Die beoordelaar(s) se beslissing is finaal in alle gevalle.

9.5.15. Rasbeoordelaars is verantwoordelik vir die vorentoe vat van alle rasse soos deur hom/haar beoordeel.

9.5.16. Siek duiwe of duiwe met lewendige parasiete sal summier uit die skousaal verwyder word

9.5.17. Beoordelaars het die reg om eie diskresie te gebruik aangaande duiwe met “pinholes.”

9.5.18. Enige wangedrag deur vertoners sal streng optrede tot gevolg hê

9.5.19. Duiwe word op die eienaar se risiko vertoon

9.5.20. Duiwe is gedurende die skou onder die betrokke skoubestuur se beheer

9.5.21. Geen persoon word toegelaat om ander vertoners se duiwe sonder toestemming te hanteer nie

9.5.22. Vertoners mag gedurende beoordeling teenwoordig wees maar mag geen kommentaar lewer nie

9.5.23. Duiwe mag slegs volgens die program van die betrokke skou verwyder word

9.5.24 . Alle beoordelaars moet skriftelik uitgenooi word deur die skoubestuur met spesifieke vermelding van die rasse wat beoordeel sal word uitgesluit die SA Kampioenskapskou waar die betrokke spesialiteitsklubs die beoordelaars nomineer en hulle dan skriftelik uitgenooi word deur die Nasionale Beoordelaarsbeampte. In alle gevalle behoort die beoordelaars in “Die Sierduif” gepubliseer te word voor die sluitingsdatum van die betrokke skou.

9.5.25. Enige bont duif sal gepenaliseer word met die totale punte toegelaat vir kleur in die betrokke ras.

9.5.26 Duiwe mag in ‘n groter hok vertoon word, maar nie in ‘n kleiner hok soos in aanhangsel B gespesifiseer nie.

9.5.27 Hokke moet in netjies, skoon en parasietvrye toestand wees.

9.5.28 Indien ‘n vertoner op ‘n skou aankom en die skouhokke voldoen nie aan die neergelegde vereistes nie, het die vertoner die reg om sy inskrywingsfooi terug te eis vanaf die streek en dan te besluit of hy wil aangaan met die skou en of hy sy duiwe gaan onttrek.

10. Ledelyste

10.1. Gedurende Februarie, sal ledelyste deur die nasionale ringmeester, aan elke streeksekretaris of streekpresident versend word. Hierdie lyste moet deur streekbesture deurgewerk word om:

10.1.1. vas te stel watter lede nog nie hul ledegeld hernu het nie; sodanige lede aan te moedig om dit te doen en om ledebesonderhede te kontroleer vir die korrektheid daarvan; voorts om te bepaal wat die oorsake is waarom lede nie hernu nie.

10.1.2. die korrekte weergawe daarvan so spoedig moontlik terug te pos aan die nasionale ringmeester vir regstelling van die ledelys.

10.2. ‘n Tweede ledelys sal gedurende April versend word vir soortgelyke optrede.

10.3. Volledige ledelyste is teen betaling van ‘n voorgeskrewe bedrag beskikbaar vanaf die nasionale ringmeester.

11. Bestelling van ringe, sakwapens, ens.

11.1. Bestellings t.o.v. ringe, sakwapens, ens. sal onder geen omstandighede aan enige lid versend word voordat die korrekte bedrag geld nie deur die nasionale ringmeester, nasionale sekretaris of nasionale tesourier ontvang is nie.

11.2. Spesklubringe sal onder geen omstandighede vir spesklubs bestel word alvorens ‘n deposito nie deur die betrokke klub by die nasionale ringmeester inbetaal is nie. Hierdie deposito sal gebasseer wees op die koste per ring van die vorige jaar x die getal ringe benodig; die balans betaalbaar alvorens die ringe deur die nasioanle ringmeester versend sal word.

12 Dissipline : Ad paragraaf 14

Die prosedures wat gevolg sal word by die instelling van enige wangedrag ondersoek ingevolge die grondwet en reëls, sal wees soos uiteengesit in **aanhangsel C** wat deel uitmaak van hierdie reëls.

Aanhangsel A:

Hall of Fame aansoek

Aanhangsel B:

Riglyne vir die aanbied van skoue en skouhokgroottes

Aanhangsel C:
Tugondersoek Aanhangsel D

AANHANGSEL A

Bladsy 1

Hoogste loftoekenning in die SASV

"Hall of Fame"

Reëls (Prosedures)

Inleiding.

Die Uitvoerende Komitee het 'n Staande Komitee daar gestel onder leiding van die Nasionale Sekretaris van die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging, wat te alle tye sal optree as koordineerder sonder stemreg. Die volgende van die SASV is benoem as vaste lede: JJ Snyman, WJ Wessels, PM Le Roux en CR de Bruin, ongeag hulle posisie in die SASV.

Werkswyse

1 Alle aansoeke moet deur streekskomitees opgestel wees met 'n behoorlike, breedvoerige verslag oor elke aspek soos vervat in die vraelys met die klem op vrae drie, vier en vyf. Jaartalle, posisies beklee en prestasies behaal moet gespesifiseer wees vir kontrole doeleindes. Geen benaderde raaiwerk, of gegewens sal aanvaar word nie. Die vraelys word slegs gebruik om die punte volgens u berekening aan te teken en moet vergesel wees van u skriftelike verslag.

2 Die Staande Komitee, daargestel deur die U.K., het voldoende gesag om so 'n toekenning te maak aldan nie, sonder opgaaf van redes, vir soveel persone as wat kwalifiseer op die dag en datum.

3 Toekennings sal bekragtig word deur die dagbestuur van die UK sonder verdere bespreking, uitgesluit waar 'n dagbestuurslid betrokke is.

4 Die sekretaris sal enige afgekeurde aansoeke terugverwys na die betrokke streek van waar die nominasie kom.

5 Die Staande Komitee kan punte wysig tydens 'n horisontale vergelyking met dit wat werklik in die praktyk gebeur. Beide dokumente moet die nasionale sekretaris van die SASV bereik voor of op die 31ste dag van Maart voor die aanvang van die jaarlikse kampioenskapskou.

6 Die punte toekenning sal dien as meetinstrument om te bepaal of 'n persoon kwalifiseer. Alle aansoeke wat nie 80 (tagtig) present behaal nie sal weer aansoek moet doen op 'n jaar basis.

7 Die toekenning, indien enige, naamlik 'n balkie en miniatuur skild, sal tydens die jaarlikse kampioenskapskou toegeken word tydens die prysuitdelingsfunksie.

Meet instrumente

Vraag 1

Moet minstens twintig [20] jaar ononderbroke lid van die S.A.S.V. wees -
Ja = 20 punte. Nee = 0 punte

Vraag 2

Die benoemde persoon moet ‘n skoon rekord hê in die Nasionale Liggaam en op Streekvlak sowel as Spes Klub.

Enige persoon wat in die voorafgaande tydperk van twintig [20] jaar enige oortredings binne die S.A.S.V. begaan het waarvoor hy/sy skuldig bevind is, insluitend skorsings, van watter aard ook al, sal geen punt verdien in hierdie vraag nie en ook summier gediskwalifiseer wees vir die toekenning - 10 punte

Vraag 3

Die lid moet minstens tien [10] jaar op die Uitvoerende Komitee gedien het en/of tien [10] jaar op streekvlak, gesamentlik of afsonderlik. Wat ‘n totaal van twintig [20] jaar sal wees. Vir elke jaar meer dan tien [10] jaar op die UK, sal ‘n krediet van twee [2] jaar op streekvlak beteken.

3.a. Punte berekening

Streekverteenwoordigers wat op die UK dien sal dieselfde krediet ontvang as enige UK lid.

3.b. Streekvlak bestuurposte wat kwalifiseer sal die volgende wees: President, Vise-President, Sekretaris, Tesourier, Beoordelaarsbeampte, Skoubestuurder en Streeksverteenwoordiger.

maksimum 20 punte

Punte toekenning sal onder hierdie afdeling soos volg wees:

1 Uitvoerende Komitee poste: Een (1) punt vir een (1) jaar - 10 punte maksimum

2. Streekbestuursposte: ‘n half (1/2) punt vir een (1) jaar - 10 punte maksimum

3. Bonus punte kan slegs op UK-vlak verdien word, waar een (1) jaar op UK-vlak gelykstaande aan twee (2) jaar op streekvlak sal wees, vir enige jare langer dan tien (10) jaar op UK-vlak.

2 Bonus punte verdien. Aantal jare ____=_____

Maksimum 20 punte

Vraag 4

Daar moet voldoende insidentering (motivering) verskaf word in die volgende velde waar gepresteer is.

1 Administratiewe inisiatiewe - 8 punte

2 Beoordeling en standaarde (ten opsigte van standaarde word bedoel, skryf, hersien, vertaal en instandhouding) - 6 punte

3 Bywoon van skoue oor ‘n breë spektrum - 5 punte

4 Prestasie as teler en vertoner - 8 punte

5 Reklame - 5 punte

6 Algemene leidinggewing en organisering - 8 punte

Totaal - 40 punte

Vraag 5

Die lid moet oor volle Nasionale Kleure beskik, naamlik: Administrasie, Teler en Beoordelaar.

Let Wel: Daar kan net nul (0) of tien (10) punte toegeken word. Totaal 10 punte

TOTAAL _____

Aanhangsel B:

Riglyne vir die aanbied van skoue en skouhokgroottes

Bladsy 13

Aanhangsel B:

Riglyne vir die aanbied van skoue en skouhokgroottes

Skouhokke moet volgens die volgende riglyne van die SASV besikbaar wees vir alle rasse.

Drie tipe hokke word huidiglik gebruik naamlik ‘A’, ‘B’ en ‘C’ tipe hokke wat aan die volgende afmetings moet voldoen.

Hok	**Breedte**	**x**	**Hoogte**	**x**	**Diepte**
A	500mm (20")	x	500mm (20")	x	500mm (20")
B	400mm (16")	x	400mm(16")	x	400mm(16")
C	350mm(14")	x	350mm(14")	x	350mm(14")

Hek	**Breedte**	**x**	**Hoogte**
A	250mm(10")	x	250mm(10")
B	00mm(8")	x	200mm(8")
C	150mm(6")	x	150mm(6")

Streke moet daarop let dat daar afsonderlike beoordelaarshokke moet wees bo en behalwe die skouhokke vir die volgende rasse:
Modena, Amerikaanse Skouhomer, Gros Mondain, King, Holle Kropper, Kartelrug en Sjinese Uile almal die ‘B’ tipe skouhok en Jacobyne die ‘A’ tipe skouhok.

Die rede vir bogenoemde is dat die duiwe almal op diselfde hoogte met dieselfde beligting en agtergrond beoordeel word. Daar moet ook genoeg beweegruimte vir die beoordelaar wees.

Die aantal skouhokke vir al die duiwe hierbo genoem sal bepaal word deur die klas met die meeste inskrywings.

Aanhangsel C:

Tugondersoek

Bladsy 14

Aanhangsel C:

Tugondersoek

In die tugondersoek tussen:
Die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging (hierna die SASV genoem)
en .....

Klagstaat

GELIEWE KENNIS TE NEEM dat die volgende bewerings wat na die oordeel van die uitvoerende komitee/dagbestuur van die uitvoerende komitee, prima facie wangedrag daarstel, wat
deur.....teen u gemaak is:
.....
.....

GELIEWE AAN TE DUI wat u op aanklag pleit:

Skuldig:..... Onskuldig:.....

(Merk waar toepaslik met 'n X)

.....
Handtekening:

Datum:.....

Prosedure

Indien u skuldig pleit sal die aangeleentheid op 'n summiere wyse deur die uitvoerende komitee afgehandel word. U is egter geregtig om skriftelike, of mondelinge betoë voor die uitvoerende komitee te plaas, ter versagting van vonnis.
Indien u onskuldig pleit sal u mettertyd van die datum, tyd en plek verwittig word waartydens u, op u eie koste vir 'n tugondersoek voor die uitvoerende komitee of 'n komitee deur die uitvoerende komitee aangewys, moet verskyn.
Indien u nie op hierdie klagstaat reageer nie of indien u reageer maar nie vir die verhoor opdaag nie, sal die saak summier in u afwesigheid, op die beskikbare getuienis afgehandel word.

Regte

Of u skuldig of onskuldig pleit, word u hiermee ingelig dat u op die volgende regte tydens die tugverhoor mag aanspraak maak:
1 'n Reg tot insae in alle verklarings en dokumentêre bewysstukke wat tydens die verhoor teen u gebruik gaan word, of teen betaling van die fooi soos van tyd tot tyd deur die algemene jaarvergadering vasgestel, op afskrifte van voormelde dokumente en verklarings.
2 Om 'n regsverteenwoordiger van u eie keuse, op u eie koste te bekom, om u tydens die tugverhoor by te staan. Die SASV is nie in 'n finansïele posisie om aan u gratis regsbystand te verleen nie. U is egter geregtig om enige ander lid van die vereniging te nader om u gratis by te staan, indien hy of sy bereid is om dit te doen.
3 Indien u ontevrede is met die uitslag van die verhoor, hetsy wat betref skuldigbevinding of vonnis of beide, het u 'n reg tot appèl tot die algemene jaarvergadering. Sodanige appèl moet binne veertien dae na afhandeling van die verhoor aangeteken word.

Skorsing

_____ Vanweë die erns van die bewerings teen u het die uitvoerende komitee/dagbestuur van die uitvoerdende komitee van die SASV besluit om u lidmaatskap van die SASV met onmiddellike effek op te hef, hangende die afhandeling van die tugondersoek teen u.
U is geregtig om binne tien dae na ontvangs van hierdie dokument, skriftelik, met ‘n volledige opgaag van redes, teen die opskorting van u lidmaatskap beswaar aan te teken.
Die uitvoerende komitee/dagbestuur sal die skorsing na ontvangs van u beswaar heroorweeg, welke beslissing daarna finaal sal wees, hangende die uitslag van die verhoor.
_____ Die uitvoerende komitee/dagbestuur het voorlopig besluit om nie u lidmaatskap van die SASV op te skort, hangende die uitslag van die tugondersoek nie. Indien verdere inligting bekom word, mag hierdie besluit egter in heroorweging geneem word.

(Merk waar van teopassing met ‘n X)

GETEKEN TE .....OP HIERDIE.....DAG VAN.....200.....

Sekretaris
SASV

Einde